Rudi Coetzee

This testimony is about “DENTAL pathology and its effects”

Ek gaan net vir jou kortliks n skrywe gee, oor hoe my tande of liewer tandvleis, my hele liggaam siek en allergies gemaak het.

Ek het vroeer in my lewe ook n root kanaal treatment gehad.

My tandvleis het op n stadium baie begin bloei, en hoe meer ek flos en borsel hoe meer bloei dit. Saam met die seer tandvleis, was ek ook n baie erge hooikoors en asma lyer.

Ek het ook ten minste een keer per week wakker geword in die aand met verskriklike borspyn, by my hart. So erg dat dit voel asof iemand n klamp om jou hart vasdraai met n skroewedraaier! Ek was glad nie onfiks nie, en inteendeel, het die Argus en Stellenbosch fietstoer elke jaar gedoen.

Ek is toe na n ortodontis toe, wat toe aanbeveel dat ek van my tande moet laat trek! Uit die aard van die saak is dit n baie groot skok gewees, en iets wat mens jouself baie sielkundig ook moet voorberei. Hy het vir my gese dat tande probleme kan mens se hele liggaam en gesondheid beinvloed.

Ek het toe ook op daardie stadium in my lewe meer geestelik begin lewe, en net begin aanvaar dat my Maker my nie wil siek he nie, en hy my nie so geskape het nie.

Ek het toe ook alle info wat ek kon oor tande en gesondheid bymekaar gemaak, en ondersoek, en was verskriklik geskok om te sien hoeveel liggaam probleme veroorsaak word deur tande , selfs tot hartaanvalle!!

Ek het begin besef my probleme is by my tande, en het die stap geneem. Ek het 8 tande bo, en 4 onder laat trek.

Ek sal nooit vergeet nie, maar direk na die operasie, het my vrou my kom haal en ons het verby die see gery, en ek se vir haar ek ruik die see baie sterk.

My neus en sinus was al so swak en aangetas agv van die siekte in my mond, dat ek basies my hele reuksintuig verloor het. Maar nou kon ek vir die eerste keer weer die vars sout seelug ruik!! Dit het gevoel as of ek weer gebore is!!

Om n verlore sintuig te herwin, is n geskenk van die lewe wat jy nie in woorde kan verduidelik nie!

Die volgende lente seisoen, was n baie erg stuifmeel en hooikoors seisoen, maar ek het nie n kwart van die hooikoors gehad wat ek vir jare mee gesukkel het nie. Al die mans in ons familie sukkel met erge hooikoors, maar nou is ek die minste, en amper niks! Ek was alltyd die ergste leier.

My hartkrampe het ook heeltemal verdwyn, en ek kry dit glad nie meer nie!

Ek kan net vandag vir die Skepper bedank, dat hy my die paadjie laat loop het, en die mense wat hy op die pad gesit het om my te help.

Ek dink op die ou end van die dag, wil ek net vir enige persoon se, dat hy nooit tandprobleme moet onderskat nie, en dat die tand probleem, op plekke in jou liggaam kan uitslaan of manifesteer, wat jy nooit sou dink dat die oorsprong tande probleme was nie.

Dankie ook vir jou getuienis, en die gesondheid pad waarop jy duisende mense inspireer en help.